VOETSLAANKLUB STELLENBOSCH

NUUSBRIEF JANUARIE 2018

1. Algemeen

1.1 Voetslaanklub webwerf: www.stb-voetslaan.co.za
'Facebook': https://www.facebook.com/stellenboschvoetslaanklub

1.2 Bestuur 2017/2018

Voorsitter	Kosie Smit	021 887 2093	073 537 8809	jhs@sun.ac.za
Ondervoorsitter	Linda du Toit		072 1070 213	lindadt@mweb.co.za.
Sekretaresse	Annerè van Pletsen	021 888 9276	072 245 1417	annere@cpcqualicare.co.za
Tesourier	Klaus von Pressentin	021 887 2783	082 689 8102	klausvp51@gmail.com
Addisionele lid	Mina Redelinghuys		083 225 8188	mina.redelinghuys@gmail.com
Addisionele lid	Marthie Swiegers		082 733 2748	marthie.swiegers@outlook.com
Webwerf	Delene Pretorius		084 654 3888	dp2@sun.ac.za

1.3 Uitstappies: Gee kennis van voorneme om saam te stap

Elke persoon wat van voorneme is om saam te stap, moet asseblief die stapleier op die laatste die Donderdag- of Vrydagaand vóór die stap daarvan in kennis stel. **(verskaf ásb.'n telefoonnommer indien jy 'n e-pos stuur, dankie)**

1.4 Betalings

- **As gevolg van hoë bankkoste, maak waar moontlik eerder van internetbetalings gebruik.**
- Betaling van ledegeld en besprekings vir naweek- en permitstappe moet direk in die klubrekening (Naam: Voetslaanklub Stellenbosch, Bank: Nedbank Stb, Takkode: 107 110, Rek #: 200 540 2354, Tipe: Spaarrekening) gedoen word. **Stuur asseblief 'n bewys van énige betaling aan die tesourier, Klaus, by: klausvp51@gmail.com met duidelike aanwysings van jou naam en waarvoor die inbetaling gedoen is.**
- Kontant kan gebruik word om stapleiers of die tesourier vir dagstappe te betaal.
- Probeer die korrekte bedrae vir petrol- en permitgelde op dagstappe saambring.
- Lede kry voorkeur bo besoekers vir naweek- en langer stappe, maar ná die sluiting van die datum vir betaling geld die voorkeur nie meer nie. **Plekke kan dus nie vir 'n stap gereserveer word vir lede wat nie betaal het voor of op die sperdatum nie.**

1.5 Ledegeld

Ledegeld vir 2018 is **R130.00** per persoon vir die jaar.

1.6 Saamryfooi

Die saamryfooi is **R1.00 per persoon per km**. Bestuurders van motors tydens naweek- en vyfdag-stappe kan by berekening van kostes 'n aanpassing van hierdie fooi oorweeg.

1.7 Nuwe lede

Ons verwelkom **Wesley Abrahams (Blue Downs) & Hanti Badenhorst (Riebeek Kasteel)** wat by die klub aangesluit het. Mag jul die natuur saam met ons geniet & ook wonderlike vriendskappe smee.

[Belangstellendes moet verkieslik éérs 3 stappe saam met klub stap (bloot om hulself te vergewis met die groep en of húl gemaklik voel met die geselskap, uitstappies, ens.) Daarná kan hul aansoek doen om aan te sluit]

1.8 Die volgende Bestuursvergadering

- Gee kennis aan een van die bestuurslede as jy 'n saak op die agenda geplaas wil hê.

1.9 Noodnommers (Bergredding) / Nuttige Kontaknommers:

- WSAR (Wildernis Search & Rescue): 021 937 0300
- Metro Ambulance: 10177
- Cape Nature: 021 483 0190 / 0861 2273 628873 (Kontak bestuurder van reservaat waar stap plaasvind vir spesifieke noodnommer)
- Nasionale sellulêre noodnommer:112
- **Nuwe 24-uur noodnommer vir Gifsentrum (slangbyte, ens.) 0861 555 777**

2. Inligting ten opsigte van al die daguitstappies

Vertrekpunt — By die parkeerarea voor die JS Maraisgebou, Victoriastraat, Stellenbosch; regoor die Konservatorium.

Aanmeldtyd — **NB:** Sien program asseblief.

Klere — Maak voorsiening vir ALLE weersomstandighede. Neem ALTYD warm klere (trui of baadjie), saam. In die winter is dit raadsaam om altyd 'n reënbaadjie in te pak.

Noodhulp — Elkeen bring sy/haar eie noodhulpbenodigdhede. Die stapleier is nie verantwoordelik om pille, salf, pleisters, ens te verskaf nie. **NB: Onthou veral medikasie teen allergieë (bv bysteek, hooikoors, ens.)** Die telefoonnommer van 'n naasbestaande (wat nié die stap meemaak nie en wat bereikbaar is) moet ook aan die stapleier van die dag verskaf word.

Kos, ens — Elkeen voorsien sy eie eetgoed en drinkgoed vir teetyd en middagete, asook voldoende drinkwater (minimum 2 liter).

Donasie — Besoekers: **R30.00**

Vervoer — Vervoer kan moontlik onderling gereël word. Vir elke stap word 'n bedrag voorgestel wat passasiers kan bydra tot die brandstofkoste (sien program).

Indien ander reëlings getref word, sal dit onder die spesifieke stap genoem word.

Gradering van die moeilikheidsgraad van stappe

1	Maklike stap	A	Geen blootstelling aan hoogtes
2	Matig maar vermoeiend	B	Soms klouter op rotse, maar nie moeiliker as om 'n kort leer te klim nie
3	Veeleisende oefening	C	Matige blootstelling aan hoogtes; persone met hoogtevrees moet nie hierdie stappe doen nie
4	Net vir die fikses	D	Baie blootgestel aan hoogtes

Bogenoemde kan in kombinasie die moeilikheidsgraad van 'n stap aandui, bv 2A, 3B of 2D

Permitstappe Wanneer 'n permitstap gedoen word, beteken dit gewoonlik dat net 'n beperkte aantal persone mag stap. Daarom is dit **noodsaaklik dat jy ten minste 'n week vooraf met die aangeduide stapleier moet skakel** om seker te maak dat daar vir jou plek is op die stap (tensy 'n vroeër datum op die program verskyn).

Wanneer 'n persoon plek op 'n permit- of naweekstap bespreek, is hy/sy verantwoordelik vir die koste daarvan, tensy hy/sy iemand anders in sy/haar plek kry. Die verantwoordelikheid ten opsigte van die kostes bly dus by die staplid.

2.1 Gedragskode vir stappers

Dag-, naweek- en langer stappe

- **Maak seker dat die fiksheidsvlak bereik is wat deur 'n spesifieke roete vereis word. Voornemende stappers moet noulettend ag slaan op die moeilikheidsgraad van 'n stap, soos op die program aangedui. Die stapleier mag 'n persoon wegwys indien daar gereken word dat die persoon nie 'n roete sal kan voltooi nie.**

- Die stapleier moet te alle tye gehoorsaam word. Die stapleier stap voor en al die lede agter hom/haar.
- By elke stap sal 'n addisionele stapleier aangewys word wat agter stap.
- Met die oog op die stapgroep se veiligheid mag die stapleier enige tyd 'n persoon se toerusting nagaan. 'n Persoon kan weggewys word indien daar twyfel bestaan of die persoon die groep sal verontrief of in gevaar stel.
- In swak weer, soos mis en reën, moet elke stapper heeltyd bewus wees waar die persoon voor en agter hom/haar stap.
- Moenie rommel strooi nie. Neem 'n plastieksakkie saam om gebruikte snesies in te sit.
- Beskerm en bewaar die natuurlike prag van ons berge deur nie die omgewing te bemors nie. Bly op die voetpaaie en moenie kortpaaie neem nie. Onder geen omstandighede mag plante, bolle, ens. uit bewaringsgebiede verwyder word nie. Neem net foto's en laat net voetspore.
- Gehoorsaam die reëls en regulasies van die betrokke instansies voordat gebiede met beperkte toegang binnegegaan word.
- Wanneer die wandelpad om spesifieke redes verlaat moet word, laat 'n rugsak langs die voetpad sodat dit vir ander sigbaar is.
- Bly in verbinding met die groep; moenie afdwaal nie.
- Tree altyd bedagsaam teenoor mede-stappers op.
- Voetslaan is 'n voorreg: Moet dit nie misbruik nie.

2.2 Addisionele regulasies ten opsigte van naweek- en langer stappe

- **Maak seker dat die fiksheidsvlak bereik is wat deur 'n spesifieke roete vereis word. Voornemende stappers moet noulettend ag slaan op die moeilikheidsgraad van ’n stap, soos op die program aangedui. Die stapleier mag ’n persoon wegwys indien daar gereken word dat die persoon nie ’n roete sal kan voltooi nie.**
- Alle persone wat op naweek- en langer stappe gaan, is verantwoordelik om hulle eie vervoer te reël. Dit is nie die verantwoordelikheid van die staporganiseerder nie.
- Stapleiers kan stapsakke voor 'n stap weeg en 'n stapper vra om die sak ligter te maak indien nodig. Hou die sak so lig moontlik. Volgens Olivier (2003:24) moet 'n volgelaaide sak nooit meer as 'n derde van liggaamsgewig weeg nie. Die ideale gewig is 20% van vroue se liggaamsgewig en 25% van mans se liggaamsgewig.
- Indien die groep groot is, kan dit met die stapleier se goedkeuring in twee opgedeel word. Die stapleier moet dan vir elke groep 'n voor- en agterstapper aandui. Gedurende teetye en middagetes moet die twee groepe bymekaarkom om seker te maak dat niemand afgedwaal het nie.

3. Belangrike kennisgewing i.v.m. ‘Wildcards’

- Daar is heelwat stappe waar die stap en/of bewaringsfooi gespaar kan word indien 'n lid oor 'n ‘Wildcard’ beskik. Doen sommer vandag aansoek vir jou kaart: www.sanparks.org/wild/
- **BAIE BELANGRIK: Dit is die verantwoordelikheid van elke klublid om te sorg dat hul ‘Wildcard’ geldig is VOORDAT hulle vir ’n stap bespreek waarvoor ‘Wildcard’-nommers benodig word. Indien ’n persoon se ‘Wildcard’ nié opbetaal is nie, het die stapleier nié ’n ander keuse as om die volle fooi van die klublid te verhaal nie.**

4. Algemene Jaarvergadering: Saterdag 24 Februarie 2018

'n Afsonderlike kennisgewing sal aan lede versprei word sodra die finale reëlings getref is.

5. Naweek- en langer stappe KLUBLEDE KRY VOORKEUR

5.1 Naweek 2 – 4 Maart 2018. Zoo Ridge (Suidelike Sederberge)

Bespreek by Mina Redelinghuys: 083 225 8188 (saans) óf e-pos mina.redelinghuys@gmail.com

Aantal:	10 persone
Stap- & Oornagkostes	± R500 per persoon vir die naweek **(Finale bedrag word bepaal deur die aantal stappers wat meedoen)**
Ryafstand	200 km x 2
Bydrae tot brandstof koste	R400.00
Stapafstande	Wisselend (2A)

Ons vertrek Vrydag vanaf Stellenbosch na Zoo Ridge in die suidelike Cerderberge waar ons die naweek in 'n huis op die plaas Zonderwater gaan bly. Volledig toegeruste kombuis, beddens met beddegoed, warm stort & handdoeke word voorsien. Bring swemklere om in die poele en swembad te swem en bring hout en roosters vir dié wat wil braai in die lapa. Ons sal Saterdag vroegoggend vertrek en ry na die beginpunt waar ons die rotsformasies en die Boesmantekeninge gaan verken. Ons sal ook stap na die uitkykpunt oor die Rietrivier se canyon. Dis die 2de grootste canyon in Suid-Afrika. Sondagoggend gaan ons weer 'n ander roete stap waar ons die boog gaan sien en verskeie ander mooi rotsformasies en nog meer Boesmantekeninge. Hierdie roete is baie onbekend en slegs dié groep wat die huis bespreek, mag op die plaas stap. Geen dagbesoekers word toegelaat nie.
Ons vertrek Vrydag vanaf Stellenbosch na Zoo Ridge in die suidelike Cerderberge waar ons die naweek in 'n huis op die plaas Zonderwater gaan bly. Volledig toegeruste kombuis, beddens met beddegoed, warm stort & handdoeke word voorsien. Bring swemklere om in die poele en swembad te swem en bring hout en roosters vir dié wat wil braai in die lapa. Ons sal Saterdag vroegoggend vertrek en ry na die beginpunt waar ons die rotsformasies en die Boesmantekeninge gaan verken. Ons sal ook stap na die uitkykpunt oor die Rietrivier se canyon. Dis die 2de grootste canyon in Suid-Afrika. Sondagoggend gaan ons weer 'n ander roete stap waar ons die boog gaan sien en verskeie ander mooi rotsformasies en nog meer Boesmantekeninge. Hierdie roete is baie onbekend en slegs dié groep wat die huis bespreek, mag op die plaas stap. Geen dagbesoekers word toegelaat nie.

Navrae en besprekings: Mina Redelinghuys: 083 225 8188 (saans) óf e-pos mina.redelinghuys@gmail.com
Besprekings open op 15 Januarie en betalings moet vóór of op 9 Februarie gedoen word.

5.2 Paasnaweek 30 Maart – 2 April 2018. Sentrale Sederberge: Disa-poel & Waterval, Stadsaalgrotte, Truitjies-kraal, Maltese Kruis, Lot se Vrou & Vensterklippe (Ongelukkig is die Wolfbergskeure & -Boog toe weens brande in die areas)

Stapleier: Jaap van Wyk
Navrae en besprekings: Annerè van Pletsen: 072 245 1417 / annere@cpcqualicare.co.za
Besprekings open op 15 Januarie

Aantal	12 persone **(meer indien daar nog belangstelling is)**
Stap- en oornagkoste	R400 (3 x staanplekke te Kromrivier vir 4 nagte @ R100 p/p per nag) Permitstappe: (**Wildcard-houers = GRATIS**) Maltese Kruis = R60 Stadsaalgrotte = R40
Ryafstand	± 528 km x 2
Bydrae tot brandstofkoste	± R1,056 (sien ook punt 1.6 op bl. 1 van die program)
Gradering	Disa-poel & Waterval: 2A, Maltese Kruis: 2A, Lot se Vrou & Vensterklippe: 1A Stadsaalgrotte & Truitjieskraal = Besigtigingstoere

Bespreking is gemaak vanaf Do'middag 29/03 – 10H00 Maandagoggend 2/04 (verpligtend om vir 4 nagte te boek oor 'n Paasnaweek!) Mense wat nie omgee vir die Paasverkeer nie & nie werksverpligtinge het nie, kan dus reeds Donderdagmiddag vanaf 14H00 'inboek'. Die res v/d geselskap sal Vrydagoggend vroeg vertrek.
4 mense per staanplek (maksimum is 8) Jy span dus uit in jou kampvoertuig of tentjie onder die maan & sterre, op 'jou stukkie' van die staanplek. Kromrivier het ook 'n teetuin & restaurantjie: daar is ontbyt & ligte maaltye beskikbaar.

Reëlings:		**Ry:**	**Stap**
Do'dag óf Vrydag (vroeg)	Ry na Kromrivier via Ceres	**231$_{(x2)}$km**	
(alternatief)	(Ry na Kromrivier via Citrusdal)	(248 km)	
Vrydag vroegoggend	Disa-poel & Waterval	8 km	9 km
Vrydag laatmiddag	Stadsaalgrotte	12 km	
Saterdag	Truitjieskraal, Lot se Vrou & Vensterklippe	17 km	± 6 km
Sondag	Maltese Kruis	29 km	7 km
		66 km	
	Totaal (231X2 = 462 + 66 = 528)	**±528 km**	**±22** km

5.3 2 – 5 Mei 2018: Sentraal Drakensberge Stap. (Reeds volbespreek soos per vorige kennisgewing, MAAR name kan deurgegee word vir 'n waglys)
Navrae: Linda du Toit: 072 107 0213 per sms óf WhatsApp óf e-pos: lindadt@mweb.co.za

Stappers kan besluit of hulle wil ry of vlieg (en dan met die Bazbussie vanaf Durban ry). Ons bly by Inkosana Backpackers. Koste vir die verblyf is as volg:

R225-00 pp per nag in die "dormitory" of R325-00 pp per nag in die dubbel kamers. Daar is ook en suite verblyf teen R425-00 pp per nag.

Daar is 'n gerieflike sit/eetkamer asook 'n goed toegeruste kombuis. Hier is ons naby vele dagstappe in die Monk's Cowl reservaat, daar is ook heelwat ander besienswaardighede en dagstappe by onder andere Champagne's Castle.

5.4 1 – 6 Julie. Moontlike Toer na Namibië

Inligting sal vroeg in 2018 uitgestuur word

Navrae & besprekings: Linda du Toit per WhatsApp of sms by 072 1070 213 óf e-pos: lindadt@mweb.co.za

6. Dagstappe

6.1 Saterdag 13 Januarie 2018. Strandstap by Gordonsbaai (Energieke honde, aan 'n leiband, is welkom)

Bespreek by Fay Pistorius: 021 854 5959 (saans), 078 370 2269 (saans) óf by: faypistorius@gmail.com

Ryafstand	30 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R60-00
Stapafstand	± 11 km	Toegangsgeld	Geen
Gradering	2A	Stapleier	Fay Pistorius
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15

Starting at Harbour Island, Gordon's Bay, to Bikini Beach then up and along the boardwalk on the coastal road before going up onto the Danie Miller hiking trail which runs just above the homes and passes below the GB painted on the mountain before dropping down to our car's.
It is dog friendly (but ticks are a problem on the mountain!) with opportunities for swimming and something to eat or drink at the end of the hike at Fish Aways. Therefore … please bring a little extra money for enjoying something at Fish Aways, swimming wear, sunscreen, sunglasses and a hat.

6.2 Saterdag 20 Januarie 2018. Elandskloof, Du Toitskloof, Paarl.

Bespreek asb. vóór of op 15 Januarie by Linda du Toit: 072 107 0213 per sms óf WhatsApp óf e-pos: lindadt@mweb.co.za

Hierdie is 'n permitstap vir 12 persone. Sluit asb. jou WildCard Nr, by die boodskap in; indien jy nie een het nie, moet die R40-00 in die klubrekening betaal word.

Ryafstand	60 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R120-00
Stapafstand	± 10 km	Permitkoste	**R40-00 óf geldige Wildcard**
Gradering	2B	Stapleier	Linda du Toit
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15

Ons stap al langs die oostelike oewer van die pragtige Elandsrivier met sy diep helder waterpoele deur lieflike fynbos tot by die grot. Hier steek ons die rivier oor en stap tot by 'n sytak van die rivier. Ons volg die sytak wat in 'n nou kloof eindig. Hier verwonder ons ons eers aan die ongelooflike waterval wat meters ver oor die hoë regaf rotswand stort na benede. **Bring asb. swemklere, sonbrandmiddel, sonbril & sonhoed saam.**

6.3 Saterdag 27 Januarie 2018. Wolwekloof, Franschhoek

Hierdie is 'n permitstap vir 12 persone.
Bespreek asb vóór of op Donderdag 25/01/18 by Willie Huggett: 021 876 2490, 083 453 9191 óf huggett@netactive.co.za

Ryafstand	30 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R60-00
Stapafstand	9 km	Toegangsgeld	**R40-00**
Gradering	2B	Stapleier	Willie Huggett
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15

Rustige stap oor die rotse en verby baie poele in die rivier op tot by 'n pragtige waterval. 'n Luilekker swem-stap, maar **nié vir persone wat nie regkom met "bolder hopping" nie**.
Bring asb. 'n stapstok, swemklere, sonbrandmiddel, sonbril & sonhoed saam.

6.4 Saterdag 3 Februarie 2018. Bobbejaansrivier, Bainskloof (Wellington)

Bespreek asb. vóór of op 22 Januarie by Linda du Toit: 072 107 0213 per sms óf WhatsApp óf e-pos: lindadt@mweb.co.za

Hierdie is 'n permitstap vir 12 persone. Sluit asb. jou WildCard Nr, by die boodskap in; indien jy nie een het nie, moet die R40-00 in die klubrekening betaal word.

Ryafstand	60 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R120.00
Stapafstand	± 8 km	Permitkoste	**R40.00 óf geldige Wildcard**
Gradering	2B	Stapleier	Linda du Toit
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15

Ons stap vanaf die Eerste Tol deur pragtige fynbos al in die kloof in op tot waar die water oor die waterval na benede stort. Die hele tyd verlustig ons ons aan die berge wat om ons vou en kan ons lafenis soek teen die somerhitte in die heerlike waterpoele.
Bring asb. swemklere, sonbrandmiddel, sonbril & sonhoed saam.

6.5 Saterdag 10 Februarie 2018. Palmietrivier (Kogelberg Natuurreservaat) Kleinmond

Bespreek by Cynthia Slattery: 021 882 9442 / 072 246 1902 óf by: slathome@sun.ac.za

Ryafstand	65 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R130.00
Stapafstand	± 10 km	Toegangsgeld	**R40.00 óf geldige Wildcard**
Gradering	2B	Stapleier	Cynthia Slattery
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15

Ons stap van die kantoor by Oudebosch af, al langs die Palmietrivier, tot waar die Palmietrivier by die Louws- en Dwarsriviere aansluit. Ons keer dan terug langs dieselfde roete. **Hierdie is 'n rustige stap met pragtige helderblou waterpoele, Bring asb. swemklere, sonbrandmiddel, sonbril & sonhoed saam.**

6.6 Saterdag 17 Februarie 2018. Dwarsbergplato, Jonkershoek (Disas kyk)

NB: Hierdie stap is nét vir die fikses en let asb. op vroeër vertrektyd

Bespreek vóór Donderdagaand by Louise van der Merwe by 021 880 1875 (na-ure) / 082 492 4293 (na-ure)

Ryafstand	15 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R30.00
Stapafstand	14,6 km	Toegangsgeld	**R40.00 óf geldige Wildcard**
Gradering	4B	Stapleier	Louise va der Merwe
Aanmeldtyd	**06:45**	Vertrektyd	**07:00**

Vanaf Witbrug stap ons via Bergriviernek tot bo-op die Panorama-roete waar ons links afdraai op die Victoria Piek pad. Vanuit die Victoria Piek pad draai ons regs af na die stroompie op die Dwarsbergplato. Dit is 'n klim van 900m. Ons volg dan die stroompie waarby ons gewoonlik die disas sien. Middagete geniet ons by 'n heerlike poel. Hiervandaan volg ons die stroompie verder totdat ons met 'n steil opdraende uitklim en weer afsak in die rigting van Hauptfleisch se grot en 'n entjie later aansluit by die Panorama roete. Ons kom met Kurktrekker terug tot by Witbrug. Die stap bied gewoonlik'n baie mooi verskeidenheid blommetjies. **Bring asb. swemklere saam.**

6.7 Saterdag 24 Februarie 2018 – Algemene Jaarvergadering

6.8 Naweek 2 – 4 Maart 2018. Zoo Ridge (Suidelike Sederberge) Sien ook 5.1

6.9 Saterdag 10 Maart 2018. Helderberg-koepel (Die 'Dome')

Bespreek by Louise van der Merwe: 021 880 1875 (na-ure) / 082 492 4293 (na-ure)

Ryafstand	27 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R54.00
Stapafstand	15 km	Toegangsgeld	Voertuig: **R15.00** Persoon: **R20.00 (bo 60 = R10)**
Gradering	3C	Stapleier	Louise van der Merwe
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15

Ons stap deur die Helderberg-natuurtuin tot by Disa-kloof en daarvandaan klim ons teen Porcupine Buttress uit tot by die nek tussen Wespiek en Sentraalpiek. Hier wag 'n pragtige uitsig oor die Hottentots Holland-kom aan die een kant en die Stellenbosch-vallei aan die ander kant, voordat ons verby die Sentraalpiek stap tot aan die voet van die Dome. Vandaar is dit net so 'n hupstoot voordat ons die 1,137 m kruin bereik, vanwaar die mooiste uitsig denkbaar ons begroet. **Hierdie stap vereis absolute fiksheid – dit is 'n steil roete wat uitdagend kan wees vir minder fiks persone. Dit is 'n 8 – 9 uur stap.**

6.10 Saterdag 17 Maart 2018. Silwermyn: Steenbergpieke en Muizenbergpiek

NB: Let asb. op vroeër vertrektyd

Bespreek by Jaap van Wyk: 021 887 5335 / 084 240 5918 óf e-pos jfvw70@gmail.com

Ryafstand	58 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R115.00
Stapafstand	±10 km	Toegangsgeld	**Geen**
Gradering	2B	Stapleier	Jaap van Wyk
Aanmeldtyd	**06:45**	Vertrektyd	**07:00**

Die stap begin by die Wolfkop parkeerkeerarea aan die bo-punt van die Ou Kaapseweg. Daarvandaan klim ons tot op Wolfberg en stap dan oor na die Steenbergpieke. Hiervandaan sak ons eers weer af voordat ons klim tot op Muizenbergpiek. Hierdie stap bied pragtige uitsigte oor Valsbaai en oor die berge van die Skiereiland. Van Muizenbergpiek af stap ons terug na die parkeerarea. **('n Kaart sal vooraf voorsien word)**

6.11 Saterdag 24 Maart 2018. Skeleton Gorge na 'Maclear's Beacon' & af met kabelkar (Tafelberg)

Bespreek by Delene Pretorius: 084 654 3888 (saans) óf e-pos dp2@sun.ac.za nie later nie as Donderdag 22 Maart sodat vervoerreëlings tussen die sweefspoorstasie en Kirstenbosch getref kan word.

Ryafstand	55 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R110.00
Stapafstand	± 6 – 7 ure	Toegangsgeld	**R65.00 (Kirstenbosch toegang) + R150 vir kabelkar = R215**
Gradering	3C	Stapleier	Delene Pretorius
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15

Toegangshek by Kirstenbosch: Stap deur die tuin om die roete te kry: Skeleton Gorge is 'n gewilde roete na die Agtertafel, aangesien stappers in die skadu v/d beboste kloof bly. Die roete volg Smutspad na die kontoer pad en loop dan steil opdraand aan die linkerkant v/d ravyn. Daar is lere wat stappers op 'n paar steil, rotsagtige plekke help. Die kloof maak bokant hierdie roete oop & kom op die Agtertafel uit. Hier draai stappers na regs vir 'Maclears's Beacon' (die hoogste punt op Tafelberg, 1,085 m) Van hier volg die roete die paadjie na die 'Boonste Sweefspoorstasie ' om met kabelkar na onder te beweeg. **Hierdie stap is vir fikse stappers.**

6.12 Paasnaweek 30 Maart – 2 April 2018. Sentrale Sederberge Sien ook 5.2

6.13 Saterdag 7 April 2018. Sosyskloof (Jonkershoek Natuurreservaat)

Bespreek by Mientie Holtzhausen: 021 887 1651 / 083 280 1651 óf by: holtzhau@sun.ac.za

Ryafstand	15 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R30.00

Stapafstand	± 9 km	Toegangsgeld	**R40.00 óf geldige Wildcard**
Gradering	2A	Stapleier	Mientie Holtzhausen
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15

Meld aan by Jonkershoek Natuurreservaat se hek om 07:30. Ons stap van die hek af na Sosyskloof waterval deur kontoerpad te volg en keer langs 'n ander roete terug na die hek. Staptyd 3 tot 4 uur. **Dit is 'n redelike maklike uitstappie en die ideale geleentheid vir stappers wat graag bekend wil raak met 'n uitstappie in die berge. Daar is wel 'n redelike steilte met die opstap & beginners kan hierdie stap dalk as 2B ervaar.**

6.14 Saterdag 14 April 2018. Blackburnkloof, Noordhoekpiek (Tafelberg)

Bespreek by Alet Louw: 021 461 1649 / 073 689 5752 óf by: alettamail@gmail.com

Ryafstand	65 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R130-00
Stapafstand	± 9 km	Toegangsgeld	Geen
Gradering	2B	Stapleier	Alet Louw
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15

Begintyd is 08:00 vanaf Oosfort (die Chapmanpiek-tolhek aan Houtbaai se kant) Reëlings sal getref word dat motors by laaste gratis parkeerplek na tolhek gelaat word. Ons stap Blackburnkloof op en stap dan die Panoramapad tot by Noordhoekpiek. Deurentyd sien stappers Houtbaai met di Sentinel wat waghou - 'n baie mooi uitsig. Voor Chapmanspiek draai ons af, terug na die motors toe.

6.15 Saterdag 21 April 2018. Kleinmondstap

Bespreek by Maryna Loubser: 028 271 3244 / 084 548 2864 óf by: maryna.loubser@gmail.com

Ryafstand	65 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R130.00
Stapafstand	± 15 km	Toegangsgeld	Geen
Gradering	2B	Stapleier	Maryna Loubscher
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15

Stap van bopunt van 6de straat (parkeer by die United Kerk). Stap dan met kontoer tot by Spooknek, dan af met Dot's Dash, verder af met Klipspringer tot by Feetjiesbos. Daarna opwaarts vanaf Fairy Glen (die piekniekplek) tot by Kasteelrotsplato en dan terug met die kontoer.

6.16 2 – 5 Mei 2018. Sentraal Drakensberge Stap. Sien ook 5.3

6.17 Saterdag 5 Mei 2018. Olifantspad, Franschhoek

Bespreek vóór Vrydagaand by Willie Huggett: 021 876 2490, 083 453 9191 óf huggett@netactive.co.za

Ryafstand	32 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R65.00
Stapafstand	± 15 km	Toegang	Gratis
Gradering	2B	Stapleier	Willie Huggett
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15

Ons stap die pad van die olifante in die Franschhoek-omgewing. Ons begin op 'n privaat plaas aan die voet van die Franschhoekberge en stap in 'n oostelike rigting met dieselfde geleidelike opdraandvoetpad wat die olifante gevolg het nadat hulle geboorte gegee het in dié vallei. Oorspronklik was Franschhoek dan ook Olifantshoek genoem, Die laaste olifant is in 1899 hier gesien. Die stappers draai dan terug op 'n plato, genoem 'Die Plaat', waar daar gewoonlik pragtige blomme is.

6.18 Saterdag 12 Mei 2018. Somerset-Sneeukop (Jonkershoek Natuurreservaat)

Bespreek by Gerhard Roux by 082 619 8880 (na-ure) óf e-pos: mail@gerhardroux.com

NB: Hierdie stap is regtig nét vir bergstap-fikses. Dit is 'n lang en stywe klim en dit is ver – 'n lang dag …

Ryafstand	17 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R35.00

Stapafstand	22 km	Toegangsgeld	**R40-00 óf geldige Wildcard**
Gradering	3B	Stapleiers	Gerhard Roux
Aanmeldtyd	7:00	Vertrektyd	7:15

Staproete: Ons stop by Witbrug en stap dan met Kurktrekker op en verder op verby die Triplets tot by Somerset-Sneeukop. Die piek is 1 590 m bo seespieël, die hoogste in hierdie area. Met die terugkeer stap ons verby Pic-sans-nom en dan met Swartboskloof af tot by die motors. **Hierdie stap is regtig nét vir bergstap-fikses.**

6.19 Saterdag 19 Mei 2018. Moordenaarskop (Grabouw)

Bespreek by Linda du Toit: 072 107 0213 per sms óf WhatsApp óf e-pos: lindadt@mweb.co.za

Ryafstand	50 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R100.00
Stapafstand	16 km	Toegangsgeld	**Ongeveer R40-00 – koste sal afhang van aantal persone**
Gradering	3B	Stapleiers	Linda du Toit
Aanmeldtyd	7:00	Vertrektyd	7:15

Ons hoop om vooraf ‘n 4x4 permit/te te bekom. Nadat ons deur die hek by Eikenhof is ry ons om die dam vir ongeveer 4 km met Buys se pad. Ons volg dan die voetpad verby Verkykerkop en sluit aan by die ou Boland staproete tot by die bopunt van Moordenaarskop (1340m bo seespieël). Na middagete volg ons die die noodvoetslaanpad tot die saal van Buys se Pad en volg dan Buys se Pad terug na waar die voertuie geparkeer staan.

6.20 Saterdag 26 Mei 2018. Vogelgat (Hermanus)

Stapleier: Hans Knoetze
Bespreek vóór Vrydagaand by Annerè van Pletsen: 072 245 1417 / annere@cpcqualicare.co.za

NB: Hierdie is ’n permitstap vir slégs 9 persone. Bespreek vroegtydig en let op die vroeër vertrektyd.

Ryafstand	105 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R210.00
Stapafstand	± 15 km	Toegangsgeld	Geen
Gradering	3B	Stapleier	Hans Knoetze
Aanmeldtyd	**06:45**	Vertrektyd	**07:00**

Die stap vanaf die basiskamp gaan via Nerina-, Stortbad- en Vogelpoele na Guys-poel en keer met ‘n sirkelroete terug. Hierdie is ‘n wonderlike geleentheid om in dié privaat natuurreservaat te stap met sy besondere fynbos, mooi poele en ongelooflike uitsigte. **Fiksheid is noodsaaklik vir hierdie stap.**

6.21 Saterdag 2 Junie 2018. Ontongskop (Tulbagh)

Bespreek by Mina Redelinghuys: 083 225 8188 (saans) óf e-pos mina.redelinghuys@gmail.com

Ryafstand	92 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R184.00
Stapafstand	12 km	Toegangsgeld	Geen
Gradering	3B	Stapleiers	Mina Redelinghuys
Aanmeldtyd	7:00	Vertrektyd	7:15

Ons parkeer ons motors by die VCSV Waterval kampterrein en vandaar stap ons 'n grondpad tot die voet van Ontongskop. Ons stap verby 'n vars fontein op die ou Bosboupadroete. Bo op die plato behoort ons beskermde veldblomme te kry. Ons sal ook verby 'n grot stap oppad na die kruin. Vandaar sal ons 'n mooi uitsig hê oor Tafelberg, Wellington, Riebeek Kasteel en Voëlvleidam. Ons volg 'n sirkelroete en sal oppad terug by die watervalle vertoef. Dié wat braaf is, kan afkoel in die poele?

6.22 Saterdag 9 Junie 2018. Kaappunt Natuurreservaat: Van die toegangshek tot Buffelsbaai

Bespreek by Christine Smit by 021 887 2093 (saans) óf e-pos: cs2@sun.ac.za

Ryafstand	90 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R180.00
Stapafstand	13 km	Toegangsgeld	**R145.00 óf geldige Wildcard**
Gradering	2B	Stapleier	Christine & Kosie Smit

Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15
Ons stap van die uitkykpunt by Smitswinkelbaai af, verby Judaspiek, Die Boer en Paul se berg, Kanonkop en Bordjiesrif na Buffelsbaai. Met die terugstap, kan ons dalk 'n draai maak by Buffelsfontein se besoekersentrum.			

6.23 Saterdag 16 Junie 2018. Panorama-roete (Jonkershoek Natuurreservaat)

Bespreek vóór Vrydagaand by Klaus von Pressentin: 021 887 2783 (saans) óf **klausvp51@gmail.com**

NB: Hierdie stap is vir bergstap-fikses.

Ryafstand	15 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R30.00
Stapafstand	± 23 km	Toegangsgeld	**R40.00 óf geldige WildCard**
Gradering	4B	Stapleier	Klaus von Pressentin
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15
Ons stap uit teen Swartboskloof tot by Pic Sans Nom vanwaar ons 'n pragtige uitsig oor die Hottentots-Holland-kom het. Hiervandaan stap ons verby Guardian Peak en die Drieling-Pieke tot by Bergrivier-nek met sy pragtige uitsig op die Jonkershoekvallei en Assegaaiboskloof. Ons stap af na Witbrug en vandaar na ons motors. **Fiksheid is noodsaaklik vir hierdie stap.**			

6.24 Saterdag 23 Junie 2018. Groenlandberg (Nuwebergbosboustasie, Grabouw)

Bespreek by Magdaleen Brits 072 450 3134 óf e-pos: magdaleen@hope365.co.za

Ryafstand	65 km x 2	Voorgestelde bydrae tot brandstofkoste	R130
Stapafstand	22 km	Toegangsgeld	**R40.00 óf geldige WildCard**
Gradering	2B	Stapleier	Magdaleen Brits
Aanmeldtyd	07:00	Vertrektyd	07:15
Groenlandberg is 'n 'Jeeptrack' en omdat dieselfde pad teruggestap word, is dit geskik vir vinnige sowel as stadige stappers. Niemand kan afdwaal nie en die wat dit nie tot bo kan maak nie, kan ons oppad af, weer ontmoet. Ons stap van die hek in die Nuweberg-reservaat oor die R43 in die rigting van Groenlandberg. Na al die reën behoort die veld mooi te wees. Ons keer met dieselfde paadjie terug. **Neem 'n ekstra geldjie saam: gewoonlik word daar koffie gedrink by een van die padstalle.**			

6.25 1 – 6 Julie: Moontlike Toer na Namibië. Sien ook 5.4

VEILIGE & VREUGDEVOLLE stappe aan elkeen ...
Groete
Annerè

.....